# "Om nie te dink bó wat in die Skrif geskrywe staan nie" – konsistensie en ontwikkeling in die teologie van Piet Geyser

**Andries G van Aarde & Piet A Geyser**[1]
**Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap**
**Universiteit van Pretoria**

## Abstract
## "Keeping theology within the parameters of Scripture" – consistency and development in the theology of Piet Geyser

***This article reflects a conversation between Andries G van Aarde and Piet A Geyser. P A Geyser was professor of Biblical and Religious Studies at the University of Pretoria. He retired in January 2004. The following issues are discussed: critique against the Calvinist doctrine of predestination from the perspective of Karl Barth's theology; the unity of the church; theology for lay people; the authority of Scripture; the relevance of historical Jesus studies; Biblical testimony on homosexuality and the pastoral care of gays. The article aims to demonstrate the growth and development in Geyser's hermeneutics while he remains within the parameters of Scripture.***

## 1. INLEIDING

Konsistensie in denke is 'n karaktertrek van 'n suksesvolle akademikus. Kontinuïteit vooronderstel egter nie onbuigsaamheid of geen ontwikkeling in denke nie. Wetenskap eis nie noodwendig innoverende resultate nie. Progressie in wetenskap gebeur ook wanneer 'n wetenskaplike insig bydra om die konteks, leefwêreld en ervaring van die wetenskaplike te verduidelik. Die bedoeling van hierdie artikel is om 'n akademiese profiel van professor

[1] Hierdie artikel is geskryf ter geleentheid van prof dr PA Geyser se aanvaarding van emeritaat aan die Universiteit van Pretoria op 31 Januarie 2004.

P A Geyser te teken by geleentheid van sy aanvaarding van emeritaat. Die artikel belig ook Piet Geyser se *verduideliking* van tendense in wêreld, kerk en teologie. Dit kan bydra tot insig in die *vooruitgang* van teologiebeoefening in veral die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die doel van die gesprek is om die ontwikkeling én konsistensie in die teologiese denke van Piet Geyser te peil.

Uit sy publikasies is 'n aantal teologiese en hermeneuties-eksegetiese kwessies geïndentifiseer. Die volgende sake kry aandag: kritiek op Calvyn se uitverkiesingsleer vanuit die perspektief van Karl Barth se teologie; die eenheid van die kerk ekumenies gesien; Leketeologie; Skrifbeskouing en die gesag van die Bybel; die belang van historiese Jesus-studies vanuit 'n nadenke oor die verhouding tussen geloof en geskiedenis, asook die Bybel se getuienis oor homoseksualiteit met die oog op die pastorale versorging van gay mense.

## 2. KRITIEK OP "MEGANISERING" IN CALVINISTIESE DENKE

### 2.1 Agtergrond

Professor Geyser het reeds op 'n jong ouderdom akademiese werk gepubliseer. Sy BD-skripsie, gepubliseer (Geyser 1967) op 23 jarige leeftyd, toon die invloed van die godsdienswetenskaplike, Frans van Zyl, op sy lewe, denke en teologie. Die studie is ook onder leiding van professor Van Zyl gedoen. Geyser verwys direk na Van Zyl se klasaantekeninge om sy kritiek op Calvyn se uitverkiesingsleer te substansieer. Van Zyl wys daarop dat die Bybel geen duidelike leer het oor die "ewige lot" van mense wat nog nooit van Christus gehoor het. Die Bybel dui wel aan dat die kerk nie die "leer van die algehele verlorenheid van die heidene" kan aanvaar nie. So 'n leerstuk is in stryd met die "Pauliniese stelreël om nie te dink bó wat geskrywe is nie" (Geyser 1967:107; my aksent). Op grond van die insigte van Van Zyl substansieer Geyser sy kritiek op Calvyn (1962] *Inst* III.1.XXI.1-7; XXII.1, 2, 10; XXIII.13; XXIV.5, 8, 12, 14, 17) se "dubbele uitverkiesingsleer" met veral die insigte van Karl Barth (1936:6-31), en ook die van Otto Weber (1962:474, 485-486). Calvyn (*Inst* III.XX11.4) is oortuig dat God volgens 'n "ewige en onveranderlike raadsbesluit" aan die een mens gee (uitverkiesing) wat God 'n ander ontsê (verwerping). Elke mens is vir een van die twee bestemmings geskape. Barth beskryf dit as "eine unerlaubte Anthropologisierung, Mechanisierung und Stablisierung des majestätischen göttlichen Entwederoder" (Barth 1936:24). Volgens Weber het Calvyn in spekulasie

vasgevang gebly. Vir Weber (1962:485) is verwerping deur God ’n “onmoontlike moontlikheid”.

Geyser bevind hom in dieselfde kader as Barth, Weber en Van Zyl wanneer hy Barth (1936:53) met instemming aanhaal: “Der Kirche ist aufgetragen, Mission und nicht Spekulation zu treiben.” Hiermee bly Geyser getrou aan Frans van Zyl se lewensreël om nie te “dink bo wat in die Skrif geskrywe staan nie”, maar te bly by die gees van die evangelie van Jesus.

### 2.2 Vraag

U was vir baie jare aktief by ekumene betrokke. Van 1979 tot 1989 het u gedien in die tussenkerklike kommissie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. U is steeds voorsitter van die Hervormde Kerk se afvaardiging. In die lig hiervan die volgende:

- Die insigte dat die kerk se sendingopdrag “onbegrens” is, dat God mense nie verwerp nie en dat mense nie gekategoriseer kan word as aanvaarbaar of onaanvaarbaar nie, kom konsekwent vanaf u vroegste werk voor. Hoe het u gekom tot hierdie insigte?
- Het hierdie oortuigings aanleiding gegee tot u jarelange verset teen die teologiese begronding van apartheid?
- U het kritiek uitgespreek op die rigiditeit (“meganisering”) in Calvyn se denke. Beskou u hierdie Barth/Weber/Van Zyl benadering as tipies van die Hervormde teologie toe en nou?

### 2.3 Antwoord

’n Mens se teologiese insigte neem mettertyd uitgekristalliseerde vorm aan. Teologie en die groeiproses wat met voortgesette leeswerk plaasvind, het iets te make met die uitbreiding van jou woordeskat. Daar kom nuwe of verfynde insigte na vore. In die besonder gaan dit daarom dat jy meer begrippe en ‘n verdiepte woordeskat ontwikkel om jou eie teologiese insigte te artikuleer. Wat miskien begin het met ’n aanvoeling of selfs vooronderstelling, kan later uitgedruk word binne die parameters van ’n bepaalde teologiese debat.

Dit alles het te make met die vraag na die “onbegrensdheid” van die sendingopdrag. Deur my opvoedingsproses het die onbegrensdheid van God en van God se liefde ‘n sterk innerlike oortuiging geword. In die teologiese leeswerk het dit uitgekristalliseer in die oortuiging dat Jesus se lewe en boodskap wesenlik daarmee saamhang dat God sonder enige beperking beskikbaar is of teenwoordig is vir elkeen wat God soek. Jesus se lewe en

dood is teken dat God se liefde onbegryplik ruim en diep is. Dit was Jesus se missie om die inklusiewe genade van God na mense toe te bring.

In so 'n verstaan van die evangelie is daar geen ruimte vir die ideologies-begronde lewenshouding van *uitsluiting* nie. Daarom was my verset teen veral die ras-eksklusiewe formulering van Artikel 3 in die Kerkwet van die Hervormde Kerk nie vir my 'n politieke aangeleentheid nie. Dit was in die grond van die saak teologies van aard. In die werklikheid waarin ons leef, kan 'n mens rekening hou met kultuur- en/of taalverskille, maar die oomblik wanneer dit aanleiding gee tot *eksklusiwiteit*, het dit die spoor van God se inklusiewe liefde verlaat.

Rigiditeit/meganisering/strak sisteemdenke en watter ander verwante semantiese begrip hierby gevoeg kan word, gaan na my mening in teen die aard van die Hervormde Kerk se teologiebeoefening. Tensy ek my teologiese vorming verkeerd verstaan het, word die eie-aardigheid van die Hervormde manier van teologie beoefen gekenmerk deur soepelheid van denke. Daarmee bedoel ek hoegenaamd nie vrysinnigheid nie. Dit gaan daaroor dat krities gekyk kan word na vorige standpunte en veral sisteme van dinkpatrone. Daar was nog altyd ruimte om die insigte uit die epistemologie en hermeneutiek bruikbaar te maak vir die beoefening van die teologie as wetenskap. Ek is dankbaar om met my skripsie destyds en met die leiding van professor Frans van Zyl te kon "ontdek" dat, ten spyte van die groot waardering vir Calvyn, tog krities gekyk moes word na die sake wat hy met sestiende eeuse insigte na vore gebring het. Ek meen dat die waardering vir Calvyn, die ander reformatore en die erfenis van die Reformasie daarin lê dat telkens eers na die Skrif geluister word. Met die insigte wat na vore kom, kan eietydse standpunte in die hedendaagse konteks verwoord word. "Bybels-reformatoriese teologie" het soms die rookskerm geword vir vasgevang sit in sisteemdenke. Indien daar vanaf die sestiende tot een-en-twintigste eeu geen nuwe insigte in teologiebeoefening na vore gekom het nie, sou daar ernstige probleme wees met teologie as wetenskap en met ons verstaan van die Reformasie.

## 3. DIE EENHEID VAN DIE KERK

### 3.1 Agtergrond

In 'n versamelbundel met die veelseggende titel, *20ste eeu Hervormde teologie*, eindig Geyser sy bydrae oor die ekumeniese verhoudings tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met 'n "gebed" wat as 'n teologiese wens vertolk kan word: as God wil, kan daar 'n dag kom dat lidmate van hierdie kerke se "belewing van eenheid" sal kan oorgaan in "eenwording" (Geyser 1999a:321). Die Nederduitsch Hervormde Kerk formuleer deurlopend in sinodale vergaderings die oortuiging dat daar 'n kwalitatiewe verskil tussen die begrippe "kerklike eenheid" en "kerklike eenwording" is. Geyser, net soos Van Zyl (1978:23-26), is bekend daarvoor dat hy sterk voel oor die teologiese noodwendigheid van eenwording. Hierin is hy van ander teoloë in die Hervormde Kerk te onderskei.

### 3.2 Vraag

Ek sal graag meer wil weet van u ervaring op grond van die jarelange betrokkenheid by die ekumene. In u artikel in bogenoemde bundel haal u die besluit van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in 1986 (Geyser 1999a:319) aan:

> Vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is die kerk één en gaan dit om die eenheid met die kerk (liggaam van Christus, volk van God, ens) en dus een met die waarheid wat in Christus is. Wat die drie Afrikaanse kerke betref, sien die Hervormde Kerk die merkteken van eenheid alreeds in die gemeenskaplike belydenis en wat daaruit voortvloei. Soos die kerke in die tussenkerklike gesprek mekaar vind in hulle interpretasie van die Waarheid, word organisatoriese eenheid realiseerbaar. Vir die Hervormde Kerk is organisatoriese eenheid sonder eenheid in die Waarheid 'n valse eenheid. Eenwording volg uit eenheid en nie andersom nie.

U wys op punte waar die Hervormde Kerk bygedra het tot die formulering van die huidige missie en werkwyse van die tussenkerklike kommissie (my aangepaste formulering):

- Eenheid met die kerk is eenheid met die waarheid in Christus.
- ['n] Merkteken van die eenheid [kan gesien word] in [1] die gemeenskaplike belydenis en [2] wat daaruit voortvloei.
- Wanneer kerke mekaar vind in hulle interpretasie van die Waarheid, word organisatoriese eenheid realiseerbaar.
- Organisatoriese eenheid sonder eenheid in die Waarheid, is valse eenheid.
- Eenwording volg uit eenheid en nie andersom nie.

Wat is u persoonlike opinie oor hierdie proposisies? Tref u ’n prinsipiële onderskeid tussen verskillende vlakke van ekumenisiteit, byvoorbeeld dat die gesprek met kerke binne die eie kultuur- en belydenistradisie anders sal verloop as met ander kerke? Wat is u kommentaar oor die verwyt wat dikwels van lidmate gehoor word dat teoloë verskille wat vir lidmate nie belangrik is nie, op die spits dryf en so kerkeenheid verhinder.

### 3.3 Antwoord

Eerstens iets oor *organisatoriese eenheid.* Ek kon my heeltemal vereenselwig met die standpunt dat organisatoriese eenheid nie soos ’n dwangbuis moet funksioneer nie. Probleme sal nie verdwyn as alle kerke (soos in die Wêreldraad van Kerke of in ons konteks die tradisioneel Afrikaanssprekende kerke) in een organisasie opgaan nie. Die eenheid van kerke is wesenlik geleë in die waarheid wat hulle bely EN die diens wat hulle aan mekaar betoon. Argumente soos “die onsigbare eenheid is in die geloof te vind en dit al is wat saak maak” en “sigbare eenheid is daarom nie ook opdrag nie”, is myns insiens ’n ontduiking van die verantwoordelikheid van kerkgemeenskappe teenoor mekaar. Ekumenisiteit of kerke se welwillende betrokkenheid by die ekumene is nie ‘n willekeurige liefhebbery van diegene wat daarvoor voel nie. Dit is ’n wesenlike opdrag aan elke kerk wat bely: “ek glo in (een) heilige, algemene en Christelike kerk”.

Eenheid kan in verskillende vorme of gestaltes tot uitdrukking kom. ‘n Moontlikheid is een sinodale struktuur. Daar is egter ook ander forums of diensvlakke wat as model vir eenheid kan dien. Dit hang alles af van kerke (die *mense* wat aan die Here behoort) se welwillendheid teenoor mekaar. Kerke wat dieselfde belydenistradisie deel en in dieselfde kultuurgemeenskap werk en leef, kan met verantwoordelikheid ‘n eiesoortige kerk-etos handhaaf. Dit hef egter nie op dat daar ook met groot erns gekyk sal word na die belewing van eenheid en die onderlinge diens aan mekaar nie. In die eie kerkfamilie van die Hervormde Kerk is die hele terrein van eenheid met die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika ook ter sake. Hier kan wel met kultuurverskille rekening gehou word, maar nie sonder dat ‘n belewing van eenheid en onderlinge diens met erns en toewyding nagestreef word nie. Dit kan veel meer ontgin word as wat tans die geval is.

Daar is belowende tekens dat die Hervormde Kerk weer betrokke wil raak by ekumeniese liggame soos die Wêreldbond van Hervormde Kerke en, nader aan eie bodem, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. In die verlede was die klem te veel op die “bedreiging” wat ekumeniese liggame vir die Suid-Afrikaanse politieke bestel ingehou het, in plaas van om te fokus op die

*teologiese* bydrae wat die Hervormde Kerk kon lewer. Die komplementariteit van kerke se verstaan van die evangelie en onderlinge diens, is sake wat hopelik in die toekoms meer tot hulle reg sal kom in die Hervormde Kerk se denke oor ekumene.

## 4. "LEKETEOLOGIE"

### 4.1 Agtergrond

Geyser wil nie dat teologie op 'n elitistiese wyse agter geslote deure beoefen word nie. Hy kommunikeer sy teologie op so 'n manier dat lidmate wat geen akademies teologiese agtergrond het nie, hom kan verstaan. Studente getuig van die toeganklikheid van sy lesings. Dit kan moontlik toegeskryf word aan sy passie vir wat Frans van Zyl "leketeologie" noem. Geyser was 17 jaar, tussen 1980 en 1997, 'n direkteur van die Kerklike Instituut vir die Toerusting van Ampsdraers en Lidmate (KITAL). Dit is heelwat langer as die 6 jaar tussen 1998 en 2004 wat hy heeltyds universiteitsdosent was. Sy betrokkenheid as Bybelkunde- en teologiese dosent (deeltyds vanaf 1975 tot 1998) strek egter oor 'n periode van 29 jaar. Sy skryfwerk was hoofsaaklik in die styl van "populariserende wetenskap". Hiervan getuig nie net sy gepubliseerde Bybelstudie oor 1 Petrus (Geyser 1984), die 23 bydraes in Die Hervormer se Bybelstudiereeks en Teologiese Rubriek nie, maar ook die kategesehandboeke waarin hy 'n leidinggewende rol gespeel het. Verder het hy talle kursusse vir ouderlinge, diakens, jeug en lidmaattoerusting ontwerp en geskryf. Met sy emeritaat aan die einde van Januarie 2004, aanvaar hy 'n kontrakaanstelling om by die Hervormde Teologiese Kollege aan die Universiteit van Pretoria betrokke te wees by die predikantspraktykvorming van teologiese studente. Sy besoek aan die Kings College aan die Universiteit van Londen in Junie 2004 was daarop gemik om meer te verneem van die "retreat"-programme wat in die buiteland vir predikante aangebied word. Selfs in 'n wetenskaplike publikasie oor nuwe ontwikkelings op die gebied van die eksegetiese metodologie in die Bybelwetenskap (Geyser 1983) stel hy die kritiese vraag of die eksegese nog die verkondiging dien.

In hierdie artikel bespreek hy die aard, sterk punte en tekortkomings van veral die historiese kritiek en die teksimmanente eksegetiese benaderings. In sy latere werk bring hy die hermeneutiek en die sosiaal-wetenskaplike kritiek in die gesigsveld (Geyser 2000b, 2000c). Dit dui weer eens op die kontinuïteit in sy denke – nie onveranderlikheid nie, maar

verdiepende ontwikkeling. In die bydrae gepubliseer in 1983, raak hy aspekte aan wat telkens in sy latere werk weer na vore kom. Dit sluit in sake soos:

- die gesag van die Skrif (kyk weer die opskrif van hierdie gesprek);
- die waarde wat hy heg aan die Gereformeerde Kerken Nederland se rapport *God met ons: Over de aard van het Schriftgezag* (1981; Geyser 1983:7);
- sy vermyding van die historiese positivisme (Geyser 1983:6);
- sy kritiese bewussyn van die “historiese betroubaarheid van die evangelieverhale (en) die egtheid van Jesuswoorde” (Geyser 1983:6);
- die verhouding tussen geskiedenis en teologie (Geyser 1983:8) (die tema van sy DD-proefskrif, “Die hermeneutiese uitgangspunte in die ’nuwe historiese’ benadering tot Jesus-studies” (Geyser 1999b).

### 4.2 Vraag

In die 1983-artikel (Geyser 1983:4) haal u die werk van W E Ward (1981:153), “New Testament theology: Retrospect and prospect” aan:

> The debate moved away from the “assured results” of theological exegesis, based upon carefully established texts and controlled by widely accepted principles of sound historical interpretation, to the question of language itself – the relationship of language and being, being and becoming, the nature of history, the nature of faith, time and eternity, and even the God of “essence and pure being” versus the “God of future” who is in the process of becoming.

U openbaar ’n sensitiwiteit vir die uitwerking wat die moderne Bybelwetenskap op die belewing van lidmate kan hê. U skryf na aanleiding van bogenoemde aanhaling:

> Bekommernis en onrus oor wat in sommige kringe van die wetenskaplike ondersoek as versekerde resultate aangebied word, is derhalwe begryplik in die konteks van ’n kerk wat die Bybel gebruik in ’n voorrangposisie as die bron en norm vir sy geloof en lewe, en waarin die rol van die Nuwe-Testamentiese dissipline onder andere gesien word as die daarstelling van eksegetiese resultate vir die sistematiese teologie en vir die verkondiging van die kerk.
>
> (Geyser 1983:4)

Die "onrus" oor die eksegetiese resultate van Bybelwetenskaplikes word vandag in ortodokse kringe in die Hervormde Kerk skerp verwoord. Hierdie "bekommernis" is moontlik die gevolg van die werk van eksegete. Miskien laat Bybelwetenskaplikes na om die resultate van hulle eksegese bevatlik en simpatiek te kommunikeer. Een van die doelwitte van die Westar Institute se Jesus Seminar (waarvan u werksessies bygewoon het) is om eksegese te populariseer. Dit het egter, ook in Suid-Afrika, selfs meer onrus veroorsaak as die nalaat van kommunikasie. Die huidige "onrus en bekommernis" blyk dus meer gekompliseerd te wees as wat dit op die oog af voorkom. Drie vrae spruit hieruit voort:

- Hoe sien u die "onrus" van eerstens ortodokse teoloë en tweedens "gewone lidmate"?
- Watter rol kan "retreat" programme speel in die akademiese én sosio-psigologiese bemagtiging van ampsdraers?
- Op grond van u ervaring met predikantspraktykvorming en kursusse aan afgestudeerde predikante, sou u aanpassings in die teologiese kurrikulum wou voorstel wat voornemende predikante beter in staat sou stel om die eise wat die huidige onrus stel, verantwoordelik te kan hanteer?

### 4.3 Antwoord

Kritiese teologie is onafwendbaar binne die teologiese model van die Hervormde Kerk. Dit gaan noodwendig met risiko's gepaard. Deel van die reformatoriese erfenis is dat teoloë die verantwoordelikheid het om terug te vra na die Skrif. Tradisie kan nie die plek daarvan inneem of selfs 'n voorrangsposisie kry nie. Ook die uitgangspunt dat die Skrif verstaan word binne die raamwerk van die belydenis (waarop sommige ortodokse teoloë groot klem plaas), kan nie die beginsel van *sola Scriptura* en *ad fontes* oorwoeker nie. Vanaf die sewentiende eeu is die weg gebaan vir die historiese kritiek en dit is toegepas op die Bybel. Dit is nie dieselfde as "Bybelkritiek" wat 'n negatiewe houding teenoor die Skrif inneem nie. Wetenskapsteoreties beteken dit egter wel dat 'n historiese bewussyn (vgl o a die werk van Luther), in die lees van die Bybel (eksegese) en in Bybelse teologie nie meer geïgnoreer kon word nie. Dit kom daarop neer dat die Bybel ernstig geneem word as 'n verskeidenheid boeke wat in 'n versameling opgeneem is. Daar is verskeidenheid van nie net literatuursoorte (genres) nie, maar ook van boodskappe en inhoud. Navorsers het duidelik aangetoon hoe moeilik dit is om die eenheid van die Bybel raak te vat. Tog het ek die amper

voor-wetenskaplike siening behou dat die Bybel op die een of ander wyse in elke geskrif iets oordra oor die verhouding van God met mense. Die Bybelse boodskap het te make met die ewig-onbegryplike Wese se oneindige liefde vir mense.

In die Hervormde Kerk het kritiese wetenskapsbeoefening nog nooit die bedoeling gehad om afbrekend te wees nie. Dit wou wel rekening hou met wetenskaplike ontwikkeling op die terrein van die teologie. Na my mening het die kritiese beoefening van wetenskap – in die besonder op die terrein van Nuwe-Testamentiese Wetenskap – in die Hervormde Kerk eers gekom met professor G M M Pelser. Sy bydrae was om ’n hele aantal “sekerhede” om te keer in: “die vraag bly…” Ná hom het die jong en energieke professor Andries van Aarde hom ingegrawe in die ontploffing op die gebied van die metodologie en die konsekwensies van nuwere metodes vir die Nuwe-Testamentiese Wetenskap en teologiebeoefening. Dinge het vinnig gebeur. Baie mense het oorweldig en onrustig gevoel. Miskien is daar nie altyd rekening gehou met waar teoloë en predikante hulle in hierdie ontwikkeling bevind het nie. Dalk was daar nie genoegsaam geleentheid om saam te groei nie. Predikante (teoloë) wat gekonfronteer is met die eindresultate van die navorsing het nie die geleentheid gehad om vanaf vorige insigte verder te beweeg nie (bv om van Cullmann na Bultmann te beweeg). Die hoofsaak is egter dat die wetenskapsbeoefening gestrook het met die Hervormde Kerk se teoretiese uitgangspunte vir teologie, naamlik dat daar saam met die wetenskap ontwikkel word. Vandaar die Hervormde Kerk se keuse vir ’n fakulteit aan ’n universiteit, eerder as ‘n “kweekskool”.

Die “onrus” is te verstane omdat alle verandering en verskuiwings met ongemak en selfs vrees gepaard gaan, veral as ou teologiese “sekerhede” in die gedrang kom. Die ideaal sou wees dat hierdie ongemak in die kerk met kritiese gesprek hanteer word. In die algemeen het dit ook so gebeur. Die reaksie van ’n minderheidsgroep was egter nie altyd van hoogstaande gehalte nie en was onverdraagsaam teenoor gespreksgenote. Dit word selfs soms op ’n wyse aangebied wat die kerk nie waardig is nie. Om terug te val op fundamentalistiese uitsprake van die verlede, kan hoogstens tydelike skynsekerheid bied.

Die “onrus” van lidmate behoort met sensitiwiteit benader te word. In veranderende tye soek mense na vastigheid om onsekerhede te besweer. Die kerk is ’n bron van sekuriteit en hoop. Lidmate sal begelei moet word om vrede te vind in die kernwaarhede van die evangelie en tegelyk ook ‘n weg te vind met die ontwikkelings. Dit kan gedoen word. Die wyse van teologie-beoefening in die Hervormde Kerk bied die moontlikheid om nie deur kritiese

vrae bedreig te word nie. Vanuit ’n basiese sekerheid kan met soepelheid in gesprek getree word sonder om die wesenlike van die evangelie prys te gee. So kan lidmate in hierdie postmoderne tydsgees gereed wees “om rekenskap te gee van die hoop wat in hulle leef.”

Die predikante van die kerk beleef van tyd tot tyd krisisse. Op intellektuele vlak moet hulle met die ontwikkelings probeer tred hou. Hulle worstel in hierdie tyd ook met heelwat psigies-emosionele spanning. Hoë eise word aan gemeentes gestel om finansieel te oorleef. Na my mening is daar ‘n groot behoefte aan die versterking van predikante se geesteskrag. In ‘n kring waar onderlinge vertroue heers, behoort daar die geleentheid te wees om die problematiek van hulle werksituasie met mekaar te deel, te kan ontlaai en herlaai. Die kerk kan nie bekostig dat soveel predikante moedeloos word, uitsak en die beroep verlaat nie. Hoewel dit nie deel is van ons tradisie nie, is ek oortuig dat “retreat”-geleenthede ’n konstruktiewe bydrae kan lewer tot predikante se geestelike en emosionele ondersteuning. Die fokus by “retreats” sal nie primêr op akademiese versterking wees nie. Tog kan dit moontlik daartoe bydra dat predikante met nuwe moed sal deelneem aan teologies-akademiese geleenthede.

Predikante het klaarblyklik ‘n groot behoefte aan verdere teologiese ontwikkeling. Moedeloosheid en uitputting is dikwels die gevolg van stagnasie. Dit lyk asof die huidige kurrikulum, veral die finale jaar van die studie (MDiv2) beter daarin slaag om teologiese rypheid te bevorder en studente vir die praktyk af te rond. Teologiese insigte word versterk en die geleentheid word gebied om die teorie deur te trek na die praktyk. Opvolggeleenthede vir predikante in die gemeentepraktyk kan dien om ’n studie- en leeskultuur te vestig en ook die nodige aandag te gee aan predikante se emosionele behoeftes.

## 5. SKRIFBESKOUING

### 5.1 Agtergrond

Die publikasies van Geyser toon sy voorkeur vir die “relasionele waarheidsbegrip” (kyk Geyser 1985) as dit kom by Skrifgesag en Skrifbeskouing. Hierdie posisie is gebaseer op drie uitgangspunte:

- dat die “waarheid van die Skrif alleen geken kan word in die geloof, binne die raamwerk van die verhouding met Jesus” (Geyser 1985:121);

- dat die waarheid van die Skrif “nie eenvoudig maar ’n optelsom van die objektiewe en subjektiewe sienings” van die Bybelleser is nie (Geyser 1985:121);
- dat die waarheid van die Skrif verduidelik kan word met behulp van Jesus se gelykenis oor die beeld van die skat wat in ’n akker weggesteek is: dit is die skat, die soek daarna en die vind daarvan ineen (Geyser 1985:122).

Vyftien jaar later skryf hy dat “‘waarheid’ nie ’n ding of objek is wat voorhande lê om opgeraap te word nie, maar dat dit iets is wat slegs moeisaam aan die lig gebring kan word. Waarheid verg die inset van ’n mens” (Geyser 2000b:531). Toegepas op Skrifbeskouing impliseer dit dat die eksegeet die verantwoordelikheid het om te probeer vasstel wat God deur mensewoorde wil openbaar (Geyser 1995:126). Hierdie implikasie het weer die gevolg dat etiese voorskrifte in die Bybel nie sonder meer op latere tye toegepas kan word nie (Geyser 1985:126). In ooreenstemming met die Gereformeerde Kerken Nederland (1981) se toepassing van die “relasionele waarheidsbegrip” verstaan Geyser die “waarheid van die Skrif binne die raamwerk van die verhouding met Jesus” soos volg: “Dit kan nooit die bedoeling wees dat die vervulling van die kleiner, meer-op-besondere-situasies-gerigte gebooie in stryd kan wees met die vervulling van die groot liefdesgebod nie” (Geyser 1985:127). Op grond hiervan maak hy in 1985 die afleiding dat die relasionele waarheidsbegrip “konsekwensies (het) vir die opvattinge oor die inspirasieleer en kanonbeskouing” (Geyser 1985:128). Vier jaar later skryf hy ’n artikel oor Frans van Zyl se Skrifbeskouing (Geyser 1989). Van Zyl het kritiek op Barth se siening dat die kanon in beginsel “oop” is. Van Zyl beredeneer die “eenmaligheid” van kanonwording (kyk Geyser 1989:258). In 1999 beweeg Geyser op hierdie punt weg van Van Zyl. Hy het egter waardering vir Van Zyl se standpunt dat dit “in die hoor van die Woord van God wesenlik [gaan] om die ontmoeting met die lewende God in die Seun van sy liefde deur die wonderwerking van die Heilige Gees” (Geyser 1989:260). Hierdie standpunt lê ’n soortgelyke klem as die relasionele waarheidsbegrip. Dit lyk of Geyser se Skrifbeskouing ’n teologiese ontwikkeling ondergaan het. Tog is daar kontinuïteit te sien in die relasionele grondgedagte van “ontmoeting met God in die Seun” wat ’n bepaalde dimensie gee aan sy historiese Jesus-navorsing. Geyser skryf byvoorbeeld in 1999:

> Ek is … van mening dat die vloeibaarheid van die historiese proses en die diskrepansies ten opsigte van kriteria vir die kanon-vasstelling, die standpunt genoegsaam gemotiveer het waarom daar in enige historiese ondersoek na Jesus van die geskiedenis, wel van alle beskikbare bronne gebruik gemaak sal moet word. Die kriteria wat hiervoor geld, sal dus nie bepaal kan word aan die hand van konfessionele of kerklike binding nie, maar dit sal kriteria moet wees wat beantwoord aan die reëls en eise van historiese navorsing.
>
> (Geyser 1999c:531)

Hierdie standpunt word bevestig in ’n ander artikel waar hy skryf: “Die vraag na die kanon is ’n historiese vraag net soos die vraag na die Jesus van die geskiedenis” (Geyser 1999d:4).

### 5.2 Vraag

In die jaar van u emeritaat as universiteitsdosent het u jarelange refleksie op die aard van die gesag van die Bybel daarin uitgemond dat u grondwerk oor Skrifbeskouing as basis dien van ’n memorandum vir die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in September 2004. U beklemtoon die diversiteit van boeke en die verskeidenheid van teologieë in die Bybel. Tog word daar ’n eenheid te midde van die verskeidenheid veronderstel. Hierdie eenheid is geleë in die reddende handeling van God. Dit word deur die kerk bely. So word ook die eenheid van God en die eenheid van die kerk bely. Die eenheid staan in diens van die kerklike verkondiging. Vanuit die eenheid kan kritiese opmerkings oor sekere uitsprake in die Bybel gemaak word. Sake in die Bybel wat in kontras staan met die eenheid kan nie vir gelowiges dieselfde gewig dra nie. Eksegese word dus deur die evangelie self gelei.

Dit blyk egter dat nie alle lidmate in die Hervormde Kerk hierdie tipe Skrifbeskouing deel nie. In een van die pamflette met die titel “Leer- en Lewenskwessies” (Brief 4, April 2004) wat stemming teen die “geleerde wetenskaplikes wat die Teologiese Opleiding beman” maak en skynbaar menings met die oog op die Algemene Kerkvergadering van 2004 wil beïnvloed, skryf ’n afgetrede kerkhistorikus soos volg oor ’n “etiese kode vir predikante”: “Dit is duidelik dat dit in die etiek van die kerklike amptenaar nie juis gaan om die verkondiging van die Woord sodat die gelowiges in hulle geloof versterk sal word en die ongelowiges tot geloof sal kom nie. Dit kan natuurlik nie want die geleerde Bybelwetenskaplikes het mos uitgemaak dat daar nie so iets soos ’n Woord van God bestaan nie … Dit kom dus daarop

neer dat die vehoudingslewe met ander lidmate deur ander waardes en waarhede bepaal sal moet word as deur die dankbaarheidsetiek van die ouderwetse teologie." In die lig van u jarelange refleksie, die volgende vrae:

- Watter opsies het die kerk in die Protestantse tradisie in 2004 wanneer daar sinodaal uitsprake oor die Skrif gemaak word?
- Wat is die implikasies vir etiek?
- Wat sal u vir die kerk wou sê waarom u *u* Skrifbeskouing sien as funksioneel vir spesifiek die Hervormde Kerk in die huidige tyd?
- U stel nie 'n wysiging van die kanon voor nie. Dink u nogtans dat dit teologies wenslik is om die beginsel van 'n "oop kanon" te handhaaf?

### 5.3 Antwoord

Skrifbeskouing is na my mening 'n kernsaak vir die kerk van die 21ste eeu. Die Protestantse benadering was teen 'n "tradisie" wat 'n selfstandige plek naas die Skrif inneem. Openheid om na die Woord te luister en telkens na die eise van die woord te "hervorm", is beklemtoon. Die Reformasie wou 'n weg aandui waar die genade en die geloof alleen, wat gebou is op die Skrif alleen, 'n lewe in die teenwoordigheid van God (*coram Deo*) moontlik maak. Hiermee is die moontlikheid geskep vir omgang met die Woord. Dit het gevloei uit die historiese bewussyn wat in die 17de eeu ontwikkel het. Mense soos Luther en later Gabler het die Bybel in konteks probeer verstaan. Daarom het hulle ook krities met die Bybel omgegaan. In ons tyd word dit weer 'n netelige kwessie. Aan die een kant is die gevaar om weer in 'n letterlike, meganiese en fundamentalistiese omgang met die Bybel te verval. Aan die ander kant is die vrees dat die Bybel waarde en relevansie verloor as dit nie in alle opsigte "waar" is, soos voorheen geglo is nie. Nie een van die twee uiterstes neem die Bybel as bundel antieke dokumente ernstig nie. Albei strome berokken skade in ons tyd. Fundamentaliste wil die Bybel beskerm teen denkende mense. Elke uitspraak in die Bybel moet "bewys" of ondersteun kan word. Die wat die Bybel verwerp, kyk deur 'n modernistiese bril en bevind dat die Bybel nie betroubaar, of histories korrek, of "waar" kan wees nie. Die Bybel word nie toegelaat om te wees wat dit is nie. Die waarheid van die Bybel as Woord van God is egter in iets heel anders geleë. Mense is in die Bybel aan die woord. Hulle is so deur God in beweging gebring (inspirasie) dat hulle nie anders kon as om te getuig, te skryf, te versamel, te redigeer, en uiteindelik te boek te stel nie. Al die mense skryf in die taal en beelde van hulle eie tyd.

Die uitdaging aan die kerk is om nie goeie inligting oor die Bybel van gelowiges weg te hou nie. Die lidmate het nood aan voorligting wat gepaard gaan met 'n respekvolle omgaan met en 'n liefde vir hierdie unieke

versameling antieke boeke. Die kerk behoort lidmate te begelei om met die Bybel te worstel sodat die Woord wat mens geword het, met almal kan praat. Dan kan hulle (die lidmate) lewe in die teenwoordigheid van die God van die Woord. Ons glo immers nie in die Bybel nie, maar in die God van wie die Woord getuig.

Wanneer dit kom by etiese uitsprake seil die kerk in der daad weer tussen Scylla en Charybdis deur. Dit is riskant om te gou stellige uitsprake te maak. Aan die ander kant wil die kerk wel riglyne gee om te help met moeilike keuses in die lewens van mense. Daar is twee gevare. Reglynige toepassings uit die Bybel maak die getuienis van die kerk vir baie gelowiges ongeloofwaardig. Die stilswye oor wesenlike kwessies relativeer die kerk weer tot die kantlyn. “Dankbaarheidsetiek” soos verwoord in die Heidelbergse Kategismus se skema van sonde, verlossing en dankbaarheid sê nie *hoe* die dankbaarheid uitgeleef moet word nie, behalwe vir die riglyne van die dekaloog. Selfs al sou ons daarmee ver draaie loop, sal dit nog nie al die vrae rondom die etiek vir ons tyd opklaar nie. Ek vind my nogal goed binne die riglyne van die rapport, *God met ons*, waarna hierbo verwys is. Daar word gevra na die kern van die verlossingsboodskap wat saamhang met God se reddende liefde in Christus en om in biddende afhanklikheid van die Gees te soek na die ontmoetingswaarheid in die Woord. Binne die raamwerk van die waardes wat so na vore kom, word mense uitgenooi om op die voetspoor van die evangelie God en naaste in liefde te dien.

## 6. WAAROM JESUS-STUDIES?

### 6.1 Agtergrond

Epistemologies tref Geyser (2000a:68-71) onderskeid tussen die “Jesus van die geskiedenis” en die “Jesus van die geloof”. Eersgenoemde is nie sonder meer voorhande nie, omdat die evangelies “nie geskiedskrywing (is) nie, hoewel hulle geskiedenis bevat.” Die evangelies is ook “nie biografieë nie, hoewel hulle biografiese inligting bevat”. Hulle is *evangelies* – dit beteken *goeie nuus*. En nuus word telkens “opgedateer”. Dit kan beteken dat Jesus telkens vir nuwe tye en plekke, situasies en probleme, skrywers en gemeenskappe geaktualiseer word. “Die evangelies is geskryf vir geloof, met die oog op geloof en vanuit geloof” (Geyser 2000a:69). In die Nuwe Testament is daar vier evangelies, dit wil sê vier geloofgetuienisse oor die “historiese Jesus”. Op ’n kompakte wyse beskryf Geyser (2000a:68-69) hierdie vier “lense” vanuit ’n na-Pase perspektief (kyk Borg 1999:238-250) soos volg:

> Matteus vertel van 'n Jesus wat voor-Pase én na-Pase God-met-ons is. Vir hom is die oorgang tussen voor-Pase en na-Pase daardie episode in sy vertelling waar die vindiserende Seun van die Mens met gesag die Jesus-beweging na *alle mense* toe gestuur het. Markus vertel weer van 'n Jesus wat die lydende Seun van God is. Sy oorgang van 'n voor-Pase na 'n na-Pase is om die vreesbevange Jesus-beweging tot die insig te bring dat Jesus as Israel se Messias, deur kruis en opstanding, waarlik God se Seun is. Lukas vertel van 'n Jesus wat op reis is vanaf Galilea deur Samaria na Jerusalem. Op die reis roep hy Israel op om hulle Messias te herken en erken. Alleen sommige onder hulle vorm die "ware Israel" wat die Jesus-reis vanaf Jerusalem deur Samaria na Rome toe voortsit. Vir hom kom die oorgang tussen voor-Pase en na-Pase neer op die erkenning dat Israel se Messias die Here van die wêreld is. Johannes se Jesus se herkoms is anders as die sinoptici s'n, pre-eksistent. God stuur God se Seun en Hy neem die vorm van menslikheid in alle opsigte aan. Redding bestaan uit die oorwinning om die begrensings en beperkings van menslikheid te oorstyg. Vir Johannes is die oorwinnende Jesus aan die kruis, wat die grens van die dood deur opstanding oorbrug, die Verlosser wat die pad vir ander kinders van God baan. Die oorgang tussen voor-Pase en na-Pase bestaan vir Johannes daarin dat mense die *aanstoot* van hulle menslikheid oorstyg om nie net in die *mens* Jesus God te herken en te erken nie, maar ook getuies van die singewing van so 'n oorwinning te wees.

Geyser (2000a:17) wys daarop hoe die evangeliste met "kreatiewe vryheid", eintlik "onbeperk", die inligting en tradisies "aangeneem en aangepas het, hoe hulle bygevoeg en uitgelaat het, verander en geskep het, selfs aan woorde en dade van Jesus self" (Geyser 2000a:70). Hy vind eksistensieel aansluiting by die baie persoonlike woorde van John Dominic Crossan (1998) in sy boek, *The birth of Christianity: Discovering what happened in the years immediately after the execution of Jesus* (kyk Geyser 2000a:70). Crossan (1998:xxxii) vertel dat hy 'n ander subtitel vir sy boek in gedagte gehad het, maar die uitgewers HarperSanFrancisco het dit te "enigmaties" gevind. Hy wou die geskiedenis van die eerste na-Pase Jesus-bewegings met die subtitel *Life after Jesus* beskryf. Die woordjie *after* het vir Crossan ongeveer dieselfde tweeledigheid as wat die woordjie *behind* in die uitdrukking "the canon *behind* the canon" vir my het (kyk Van Aarde 2001:148-168). Dit kan, in Crossan se woorde, die betekenisse hê van beide "temporal and chronological" én "paradigmatic and unitive". Jesus-volgelinge is nie gestuit ná die kruisiging nie. Josephus sê hulle liefde het aangehou en volgens Tacitus was hulle "aansteeklik". Jesus-studies is geïnteresseerd in die "oorgang" tussen die tyd

"voor-Pase" en "na-Pase". Hierdie vraag raak die eerste betekenis van *afte*r in die uitdrukking "Life *after* Jesus". Die tweede betekenis is die vraag na wat dit beteken om *agter* Jesus aan te loop, om Jesus te volg. "[I]s it about a way of life that he has shown as possible and invited all to continue?" (Crossan 1998:xxxii).

### 6.2 Vraag

My vraag het 'n bepaalde reliëf. In u refleksie op die eerste twee bande van John P Meier (1991, 1994) se historiese Jesus-studies ontbloot u 'n "vreemde soort paradoks" in sy denke (Geyser 2001b:1204; vgl Geyser 2001a:232-233). Meier neem 'n "tipe intellektuele agnostisisme as houding in teenoor sake [in historiese Jesus-navorsing – A G v A] wat op geloofsuitsprake inbreuk kan maak. Hierdie geloofsake word beskou as buite die bereik van historiese oordeel. In die verband kom die begrip *precinding* soos 'n refrein [in Meier se werke – A G v A] na vore" (Geyser 2001b:1205). Myns insiens word u oortuiging uitgedruk in die volgende formulering:

> Christology should … not be a matter of *either* … *or* – *either* the kerygmatic Christ *or* the historical Jesus. Historical elements do not exist prior to kerygmatic pronouncements. We cannot attain the historical Jesus by moving *around* the christologically coloured New Testament. We can only reach that goal by moving *through* the presentation of the kerygmatic Christ in the New Testament. We are confronted with *both* … *and* of the dialectical relationship between the historical Jesus and the kerygmatic Christ.
>
> (Geyser 1999e:842)

Die vraag is eksistensieel: In die lig van u Jesus-studies en dinamiese beskrywing van keuses wat die skrywers van die vier evangelies uitgeoefen het, tot watter soort *lewensweg* word die Hervormde Kerk in die huidige tyd en omstandighede uitgenooi, indien die kerk die woordjie *after* in die navolg van Jesus ernstig neem? Dit kan nie losgemaak word van die lewensweg waarop u besluit het op grond van u eie eksistensiële "konfrontasie met Jesus" nie.

### 6.3 Antwoord

Historiese Jesus-studies het ons te staan gebring voor die *kerugmatiese* Christus en voor die *historiese* werklikheid van Jesus van Nasaret. Die een kan nie sonder die ander nie. Die evangelies getuig oor die lewe (en dood) van Jesus, en Paulus oor die betekenis daarvan (kyk Van Aarde 2002:516-532). Die betekenis van Jesus is paradigmaties in die sin dat dit 'n totaal

ander dimensie toevoeg tot mense se lewens. Dit is nie meer net ’n doodsbestaan na die *sarks* nie, maar ’n lewe in die volheid van ’n pneumatiese eksistensie. Wie saam met Jesus sterf, staan ook saam met Hom op in ’n nuwe lewe. Die lewensweg wat daardeur moontlik geword het, is in alle opsigte tegelyk gawe en opgawe. Die ontmoeting met Jesus Christus is die ontmoeting met die waarheid – ook die waarheid van ’n mens se eie ware lewe. Dit verg selfverloëning en die navolging van Jesus op sy kruisweg. Dit is die verleentheid van die kruis en van Jesus se dienende liefde. Hierin kan ‘n mens nie anders as om die oproep tot onvoorwaardelike dienende liefde te hoor nie. Die kerk sal altyd moet kies tussen grootheid en mag óf dienskneg wees in gehoorsaamheid aan die Here wat bely word. So ook elkeen van ons.

## 7. HOMOSEKSUALITEIT MET ANDER OË GESIEN

### 7.1 Agtergrond en versoek

Die titel “Om nie te dink bó wat in die Skrif geskrywe staan nie” – konsistensie en ontwikkeling in die teologie van Piet Geyser”, kan myns insiens veral toegepas word op Geyser se oortuigings rakende homoseksualiteit. Sy denke ten opsigte van hierdie saak het “ontwikkel”. Dit lyk asof die “ontwikkeling” verband hou met sy konstante hermeneutiese betrokkenheid met die uitsprake van die Bybel oor ’n verskynsel in die antieke tyd wat kerk en samelewing vandag “homoseksualiteit” noem. In ’n artikel maak hy aantekeninge oor die resultate van die eksegese van die betrokke gedeeltes in die Bybel (kyk Geyser 2002:1655-1677). Hy onderskei kategorieë tekste in wettiese en narratiewe korpusse, sowel as in wat hy lyste van katalogusse en skeppingsberigte noem. Hy pleit daarvoor dat die liefdesgebod, soos geïnterpreteer deur Jesus, die hermeneutiese sleutel behoort te wees hoe om hierdie Bybelse uitsprake vir vandag te vertolk. Gedurende die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in September 2004 sal die kerk volgens die agenda sinodaal getuienis oor die pastorale sorg van gays lewer. Geyser het ’n leidende aandeel in die kerk se studie hieroor gehad. Sy aanbeveling aan die kerk is nog nie gepubliseer nie. Geyser is verder pastoraal betrokke by gays in en buite die kerk wat worstel om hulleself te aanvaar en wat soek na die liefde van die kerk.

### 7.2 Vraag

Wat behels u getuienis ten opsigte van die verskynsel homoseksualiteit?

### 7.3 Antwoord

Die kwessie van homoseksualiteit het die afgelope tyd opnuut en dringend op die tafel van kerke oral gekom. Dit word deur baie beskou as ’n toetssaak vir die wyse waarop kerke die Skrif benut en wat die aard van die kerk se pastorale hart is. Daar is baie emosie rondom die saak – selfs histerie. Ek meen dat die kerk nie oor hierdie aangeleentheid behoort te besluit op grond van politieke druk nie. Die kerk se enigste motief behoort die verstaan van die evangelie en die implikasies daarvan vir die kerklike lewe te wees. Dit gaan nie in die eerste plek oor ’n “kwessie” of ’n “verskynsel” nie. Dit gaan oor mense, in die besonder gelowiges wat pynlik sensitief wag op die kerk se reaksie. Ek het heelwat leeswerk en navorsing gedoen en gesprekke gevoer met gays. Myns insiens moet die volgende sake altyd in berekening gebring word voordat die kerk tot ‘n besluit kom oor etiese vraagstukke:

- die getuienis van die Skrif;
- die resultate van die psigo-sosiale wetenskappe;
- die verhale van mense.

Die term “homoseksualiteit” is eers laat in die negentiende eeu gedefinieer om te verwys na ’n bepaalde seksuele oriëntasie waarvolgens persone van dieselfde geslag op mekaar aangewys is vir hulle emosionele, psigies-intellektuele en fisiese behoeftes in hulle soeke na ’n lewensmaat. Gays stel feitlik sonder uitsondering dat hulle nie gekies het om so te wees nie, maar dat dit iets is waarvan hulle van kleins af of later in hulle lewens bewus word.

Die “oorsake” van homoseksualiteit is al gesoek in mense se genetiese bepaaldheid, sosiale en kulturele ontwikkeling, en in reaksie op misbruik (veral in die geval van lesbiërs). Nie een van hierdie teorieë word met algemene instemming aanvaar nie.

Die kerk word gekonfronteer met die vraag wat die posisie en rol van gelowige gays is. Dit gaan oor *mense wat dieselfde geloof in Jesus Christus as Here bely en verlang om volledig deel van die kerk van Christus te wees.* Die kerk se soek na antwoorde begin uit die aard van die saak by die Skrif. Die saak is meer kompleks as wat uit ’n oppervlakkige lees van die vertaalde tekste blyk. Daar is nie eenstemmigheid oor die uitleg van die Skrifgedeeltes nie. Dit sal seker altyd so wees. Die volgende maan ons om versigtig te wees met reglynige toepassings:

- Die Bybel praat nêrens oor homoseksualiteit as ‘n oriëntasie nie.
- Die uitsprake in die Bybel gaan nie oor mense wat mekaar in ’n verhouding van wedersydse respek en liefde as lewensmaats sien nie.
- Die verwysings in die Bybel verteenwoordig almal afwykings van liefde teenoor God en medemens. Dit het te make met verkragting, vernedering, kwessies van eer en skande, en misbruik.

Dit is ‘n algemene stelreël dat die Skrif binne die konteks verstaan en uitgelê behoort te word. Kulturele omstandighede moet in gedagte gehou word. Veral etiese voorskrifte behoort nie op ‘n willekeurige manier oorgeneem te word nie – die wat ons pas is vir alle tye geldig, terwyl die ander gewoon nie van toepassing is nie.

Selfs wanneer die kerk die ideaal van die heteroseksuele huwelik wil beklemtoon en moeite doen om dit te bevorder, te koester en te versterk, beteken dit nie dat die homoseksuele oriëntasie *per se* sondig is nie.

In die navolging van Jesus Christus bevorder die kerk in prediking en lewe die *insluiting* van mense in die diens van God. In Jesus se tyd was dit gebruiklik om mense te etiketteer as onrein of sondig en hulle daarom uit te sluit van die tempeldiens. Die amptelike siening was dat God nie by sulke verwerplike mense teenwoordig kan wees nie. Hierteenoor het Jesus die boodskap gebring dat God teenwoordig is by alle mense wat God soek. Hy het as ’t ware die tempel na die mense toe geneem. Hiervoor het Hy ook sy lewe gegee.

Die norm wat die kerk verkondig, is dat alle verhoudings gegrond behoort te wees in die liefde van God. Dit vereis integriteit wat na vore kom in wedersydse respek en agting, getrouheid, liefdevolle versorging en die bereidheid om mekaar te dien en te kan vergewe. Hierdie norme geld vir alle mense, afgesien van seksuele oriëntasie. Dit is die afwysing van ontrou en onsedelikheid, die verwerping van disrespek, meerderwaardigheid en misbruik. Dit geld in gelyke mate vir hetero- en homoseksuele verhoudings.

Almal wat hulle geloof in Jesus Christus bely en wat hulle lewens aan hierdie norme onderwerp, het ’n plek in die kerk van Christus en behoort hulle werk in diens van die Here te kan vervul.

## Literatuurverwysings

Barth, K 1936. Gottes Gnadenwahl, in Thurneysen, E (Hrsg), *Theologische Existenz Heute*, Heft 47. München: Chr Kaiser Verlag.

Borg, M J 1999. A vision of the Christian life, in Borg, M J & Wright, N T*, The meaning of Jesus: Two visions*, 238-250. San Francisco: HarperSanFrancisco.

Calvyn, J [1962]. *Institutes of the Christian religion*, tr by H Beveridge. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Crossan, J D 1998. *The birth of Christianity: Discovering what happened in the years immediately after the execution of Jesus*. San Fransico, CA: HaperSanFransico.

Gereformeerde Kerken Nederland 1981. *God met ons: Over de aard van het Schriftgezag*. Utrecht: Tijl-Libertas. (Special Kerkinformatie 113.)

Geyser, P A 1967. Die uitverkiesingsleer en die sendingverkondiging. *HTS* 23(4), 92-107.

Geyser, P A 1983. Dien die eksegese nog die verkondiging? *HTS* 38(4), 3-10.

Geyser, P A 1984. *Bybelstudie: 1 Petrus*. Pretoria: KITAL.

Geyser, P A 1985. Die relasionele waarheidsbegrip en die Christelike lewe: Die sinodale rapport van die GKN. *HTS* 41(1), 119-129.

Geyser, P A 1989. Prof dr F J van Zyl se Skrifbeskouing. *HTS* 45(2), 253-262.

Geyser, P A 1999a. In gesprek met die ander twee Afrikaanse kerke, in Van Wyk, D J C (red), *20ste eeu Hervormde teologie*, 314-321. Pretoria: SENTIK.

Geyser, P A 1999b. Die hermeneutiese uitgangspunte in die "nuwe historiese" benadering tot Jesus-studies. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Geyser, P A 1999c. Nuwe-Testamentiese geskrifte as kanon: Die vraag na 'n uitgebreide databasis vir historiese Jesus-ondersoek. *HTS* 52(2), 510-532.

Geyser, P A 1999d. Bronne vir Jesus-studies. *HTS* 55(1), 3-21.

Geyser, P A 1999e. Historicity and theology, and the quest for the historical Jesus. *HTS* 55(4), 827-844.

Geyser, P A 2000a. Waarom Jesus-studies? *HTS* 56(1), 63-83.

Geyser, P A 2000b. Hermeneutiese uitgangspunte in historiese Jesus-navorsing: Sosiaal-wetenskaplike vooronderstellings. *HTS* 56(2&3), 527-548.

Geyser, P A 2000c. Hermeneutiese uitgangspunte in historiese Jesus-navorsing: Metodologiese vooronderstellings. *HTS* 56(4), 1146-1170.

Geyser, P A 2001a. Die Jesus van die geskiedenis: Hermeneutiese uitgangspunte in die ondersoek van J P Meier. *HTS* 57(1&2), 230-246.

Geyser, P A 2001b. Die Jesus van die geskiedenis: J P Meier se Jesus-profiel krities bekyk. *HTS* 57(3&4), 1179-1212.

Geyser, P A 2002. Bybelse getuienis oor homoseksualiteit – met ander oë gesien. *HTS* 58(4), 1655-1677.

Meier, J P 1991. *A marginal Jew: Rethinking the historical Jesus, Vol 1: The roots of the problem and the person.* New York: Doubleday.

Meier, J P 1994. *A marginal Jew: Rethinking the historical Jesus, Vol 2: Mentor, message, and miracles.* New York: Doubleday.

Van Aarde, A G 2001. The cause of Jesus (*Sache Jesu*) as the canon behind the canon. *HTS* 57(1&2), 148-171.

Van Aarde, A G 2002. Die “evangelie” van Paulus. *Verbum et Ecclesia* 32(2), 516-532.
Van Zyl, F J 1978. Vereniging of samewerking? *Almanak en Bybelse Dagboek* 72, 23-26. (Uitgegee vanweë die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.)
Ward, W E 1981. New Testament theology: Retrospect and prospect. *Review and Expositor* 78, 153-168.
Weber, O 1962. *Grundlagen der Dogmatik*, II. Neukirchen: Moers.